Waarheid of Leuen! **Donderdag 9 September 2021**

Die Negende gebod van die Tien Gebooie!

Ex 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie."
Ex 20:16 "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie."
Spr 30:8 "…moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie;…"

Valse getuienis word in die Skrif in 'n baie ernstige lig beskou. Maar in die negende gebod gaan dit veral daaroor dat **die getuie,** die persoon wat getuig, nie vals moet wees nie. As christene is dit belangrik dat ons ja ons ja en ons nee ons nee moet wees. Ons moet die waarheid praat. As iemand oor jou dink moet hulle nie wonder of jy die waarheid praat of nie, maar hulle moet jou ken as iemand wat altyd opreg, eerlik is en die waarheid praat.

Waarheid is 'n baie, baie belangrike saak in ons lewens. Want as daar waarheid is, is daar eerlikheid en opregtheid en kan die lewe regverdig verloop. Maar as daar leuens is, loop alles verkeerd.

God is Waarheid! Ons uitgangspunt van waarheid is God

- **Jesus Christus openbaar Homself as die Waarheid.**
  Joh 14:6 "Ek is die weg, die waarheid, en die lewe."
  Joh 18:37 "Ek moet oor die waarheid getuienis aflewer…."
- **Die Heilige Gees word as volg geopenbaar in….** **Joh 14:17** "die Gees van die waarheid."
- **Die Bybel is die waarheid.** **Joh 17:17** "U Woord is die waarheid."

Satan is die Vader van die leuen.

- **Joh 8:44** "Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen."
- **Satan** gebruik misleading, halwe waarhede en blatante leuens om ons te verlei. So het Hy ook vir Jesus Christus probeer verlei in die woestyn. Mat 4:1-11

"Post Truth" is selfs 'n term wat al in 2004 in gebruik gekom het. Dit is 'n term wat veral in die politiek gebruik word waar feite nie voorop staan nie maar emosies. Jou filosofiese uitgangspunt en jou emosionele gevoel staan voorop en feite agter. Die is wanneer daar nie opsetlik leuens gebruik word nie, maar net halwe waarhede en waar die waarheid verdraai word om by jou emosies, -saak, -sienswyse aan te pas.

Vier soorte leuens kan onderskei word.

- **Opsetlike leuns.** Dit is waar die waarheid doelbewus, opsetlik geïgnoreer word.
- **Skersleuens.** Dit is wanneer niemand benadeel word nie, maar dit oor humor gaan.
- **Hoflikheidsleuens.** Dit is om iemand bv te respekteer wat 'n hoë pos het al het jy geen respek vir so iemand nie.
- **Noodleuens**. Dit is 'n leuen wat in 'n noodsituasie vertel word om sodoende 'n groter ramp te voorkom.

Die waarheid maak jou vry. Ons lees in **Joh 8:31,32** "Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die **waarheid ken**, en **die waarheid sal julle vry maak**." Om die waarheid te praat oor Jesus Christus, Hom te bely en Hom te erken en te dien, maak dat jy altyd die waarheid in liefde kan praat. Dit maak jou vry om opreg en eerlik te lewe, teenoor God en teenoor jou naaste. Dit maak jou ook geloofwaardig, omdat jy onbevrees die waarheid praat, as christen.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com